



TUTU GESELS OOR ETIESE LEIERSKAP BY US! Die Anglikaanse Aartbiskop Desmond Tutu (foto) was een van die gassprekers gedurende die onlangse Stellenbosch Seboka oor Hoër Onderwys en Etiese Leierskap: Globale Perspektiewe in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Tutu het gedurende sy toespraak gesê dat 'n goeie leier 'n dienskneg van die mense vir wie hy of sy lei, is. Hy het na voormalige Suid-Afrikaanse president Nelson Mandela verwys as 'n voorbeeld van 'n morele leier wat bereid was om groot opofferings te maak vir dié wat hy gelei het en wie in die nuwe Suid-Afrika 'n kritiese rol gespeel het in die transformasie van die land na die eerste demokratiese verkiesing. Hier geniet Aartbiskop Tutu 'n oomblik met dr Betty Siegel, Emeritus President en "Distinguished Chair of Leadership, Ethics and Character" aan die Kennesaw State University in die VSA en ook 'n mede-gasheer van die Seboka.

(SSFD)

SU enters phase of fundamental repositioning

"The idea for which Stellenbosch now stands is an institution that, as a national asset, wishes to further strengthen its success and knowledge base, and to apply these to create a future of hope for all the people of the country."

These were the words of the Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, following the approval by Council of Management's proposals on the future repositioning of the University. He says that SU is now entering the phase of fundamental repositioning as proposed in the *Strategic Framework for the Turn of the Century and Beyond*, a visionary document that was accepted by Council as far back as 2000.

"It is remarkable that a university as respected as SU – both nationally and internationally on the basis of its academic work and research outputs – still suffers from a lack of credibility and relevance among the majority of the country's population. Fourteen years after the dawn of democracy in South Africa, and nearly 30 years since the first people of colour were admitted to the University, Stellen-

bosch is still not considered a preferred institution for further study," said Prof Botman.

"And even if one took the language issue into consideration, the situation remains the same for Afrikaans-speaking coloured students. Matieland generally does not figure on their radar screen as a centre for advanced study."

This confronts the University with the interesting challenges of success, stature and quality, versus relevance, accessibility, diversity and transformation. In the repositioning of the University, said Prof Botman, Management is not opting to do only the one or the other, or the one at the expense of the other. "It is a package of strategic objectives that we need to consider on our way forward." These objectives are, amongst others, that:

- SU wishes to remain a broad-based, research-driven university
- excellence is the cornerstone on which the activities of SU are based
- SU wishes to position itself as a highly relevant institution through our

(turn to page 6)

US-verslag aan Ministeriële Komitee nie 'n saak van pligpleging nie

Die Universiteit Stellenbosch (US) se voorlegging aan die Ministeriële Komitee wat getaak is om die vordering van transformasie en sosiale kohesie en die uitwissing van diskriminasie in openbare hoëronderrysinstellings te ondersoek, is nie 'n saak van blote pligpleging nie. "Dit gaan immers oor sake waartoe ons geruimte tyd reeds verbind is en oor 'n wye front mee besig is." So sê die Rektor en Visekanselier van die Universiteit, prof Russel Botman. Die Universiteit neem nietemin die ondersoek baie ernstig op. Die Rektor het 'n werkgroep aangewys om advies aan die bestuur voor te berei.

"Die US-bestuur sal op 23 Mei 2008 die insette van die US-werkgroep oorweeg en die US se voorlegging aan die Komitee finaliseer," het prof Botman gesê.

Die Komitee is op versoek van die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, aangestel na aanleiding van die Reitz-voorvalle vroeër vanjaar en sal alle vorme van diskriminasie in openbare hoëronderrysinstellings ondersoek, met spesifieke fokus op rassisme. Hulle sal daarna toepaslike aanbevelings maak om diskriminasie te

beveg en sosiale kohesie te bevorder.

Die Komitee bestaan uit tien lede onder die voorsitterskap van prof Crain Soudien, 'n professor in opvoedkunde by die Universiteit van Kaapstad en ook die outeur van 'n studie oor integrasie in Suid-Afrikaanse skole. 'n Voormalige personeellid, oudMatie en Studenteraadsvoorsitter van die US, dr Wynoma Michaels, dien ook op die Komitee. Die Komitee is versoek om binne drie maande 'n eerste verslag by die Minister in te dien, en die finale verslag drie maande later.

Universiteite oor die hele Suid-Afrika is op 23 April versoek om teen 30 April 2008 afskrifte van beleids- en strategiese institusionele dokumente wat verband hou met die uitwissing van diskriminasie, insluitende beleidsdokumente oor die studente- en in besonder beleid oor studente-akkommodasie, by die Komitee in te dien.

Universiteite is ook gevra om teen 30 Mei 2008 'n voorlegging by die

Komitee in te dien wat handel oor die volgende sake: die vordering wat gemaak is met transformasie, sosiale kohesie en die uitwissing van diskriminasie in hoër onderwys in die algemeen en in elke instelling in besonder; 'n evaluering van die beleid, strategieë en intervensies van die instelling om aan hierdie sake aandag te gee; en voorbeelde van goeie praktyke in die

"Dit gaan immers oor sake waartoe ons geruimte tyd reeds verbind is en oor 'n wye front mee besig is."

– Prof Russel Botman

instelling op hierdie terrein wat ook nasionaal nagevolg kan word.

"Die Universiteit Stellenbosch het die volgende stappe geneem en proses aan die gang gesit om op hierdie versoeke te reageer," verduidelik prof Botman.

"Op 30 April het die US afskrifte van 28 institusionele dokumente by die Komitee ingedien, insluitende die

Statuut, die Strategiese Raamwerk, Visie 2012, die Gehaltebevorderingsplan, die Diversiteitsraamwerk en -beleid, die Studentereguleerplan, die Koshuisplasingbeleid, die Verwelkomsbeleid, die Regulasies insake die Werwing, Aanstelling en Bevordering van Personeel, die Diensbillikheidsplan, die Beleid insake Seksuele Teistering, die Taalbeleid en -plan, en die Beleid insake Personeel met Gestremdhede, die MIV-beleid, griewe-prosedure, en die memorandum van verstandhouding tussen die US en Stellenbosch se Munisipaliteit."

Prof Botman het ook 'n werkgroep saamgestel om die US-bestuur te adviseer oor die voorlegging wat op 30 Mei ingedien moet word. Die werkgroep het bestaan uit persone van verskillende kampusse van die US, dosente, lede van die Studenteraad en lede van die steundienstpersoneel. Deskundiges aan die Universiteit ten opsigte van die verskillende relevante


sake, insluitend die Studentedekaan, die Direkteur: Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering, die Bestuurder Studentehuisvesting, die Eenheid vir Multikulturele Sake en Diversiteit, die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefte en 'n dosent wat in konstitusionele aangeleenthede spesialiseer, is ook betrek.

Die werkgroep se insette het gefokus op sekere areas waar diskriminasie kan plaasvind, soos byvoorbeeld ras en etnisiteit; geslag, seksuele oriëntasie en MIV-status; godsdiens, spiritualiteit en geloof; finansiële middele en klas; en gestremdheid en taal.

"Die werkgroep het ongelooflike werk in 'n kort tydperk gedoen," het prof Jan Botha, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning, gesê. Prof Botha koördineer hierdie ondersoek aan die US.

"Ek was beïndruk met die gehalte van die insette en voorstelle. Dit was sowel krities as konstruktief," het prof Botha bygevoeg.

Daar word verwag dat die Komitee in Junie en Julie 2008 besoeke aan universiteite sal bring om sake in hul voorleggings te bespreek.

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>

OPINIE

Briewe, opinie en dies meer

2

NUUS

Professors betrokke by eksterne evaluering

3



CURRENT

Safe spaces created for courageous conversations

4



KUNS

SA poet with a voice like silk

7



NUUS

Die Boschtelegram is hier!

8

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Ek is nie juis 'n groot televisie-aanhanger nie, en skakel die kykkassie bloot aan om die nuus of die paar programme wat ek weklíks getrou volg, te kyk. Dit hou moontlik verband met 'n onvermoë om langer as 'n uur stil te sit sonder dat ek intellektueel geprikkel word deur dit wat ek inneem. Soos vele Suid-Afrikaners oor die land heen, het ek egter onlangs in algehele verslaetheid op die televisieskerm dopgehou hoe aanvalle op buitelanders in Alexandra-township begin en spoedig na ander gebiede in die land uitkring.

Om te sê dat ek teleurgesteld is in my landgenote, is sag gestel. Dit het my egter selfs verder oortuig dat die Universiteit Stellenbosch (US) op die regte pad is om hom te herposisioneer ten einde 'n betekenisvolle rol in die samelewing te speel (kyk artikel op bladsy 1).

Dit het my ook laat dink aan die veilige ruimtes wat die Universiteit deur middel van dapper diskoers skep (meer hieroor op bladsy 4) – diskoers wat nie net verandering in die US se institusionele kultuur sal teweegbring nie, maar dit ook ten doel stel om nuwe denkwyses aan te moedig sowel as indringende gespreksvoering en leierskap oor aktuele sosiopolitieke kwessies te fasiliteer op 'n manier wat waarde toevoeg tot die nasionale debat oor aktuele sake. As 'n instelling verander ons dalk nie die wêreld ornag nie – tog weet ek ons beweeg in die regte rigting.

In haar roman *Man to Man* wat in die 1880's aangevoer en postuum in 1926 uitgegee is, het wyle Olive Schreiner reeds die behoefte aan morele leierskap en die belang van vooruitgang vir almal in ons samelewing raakgesien. Tóé reeds het Schreiner geweet dat die vooruitgang van een bo die ander 'n onfeilbare resep vir 'n ramp is. Meer as 'n eeu later sien ons hoe arm mense hulle wanhoop en wrewel uithaal op diegene wat skynbaar 'n bedreiging vir hulle karige bestaan inhou – buitelanders!

Wat baie duidelik blyk uit die nuusberigte oor die afgelope paar dae, is dat hierdie land nie net sterk morele leiers nodig het nie, maar ook 'n aksieplan om die nood van arm mense te verlig. Voorts moet ons oor die grense van ras, etnisiteit, nasionaliteit, geloof en klas heen met mekaar in gesprek tree. Blaai gerus na bladsy 3 en lees die artikel oor prof Louis Jonker se 'interkulturaliteit'-studie.

Die US het onlangs deur middel van die Stellenbosch Seboka oor Hoër Onderwys en Etiese Leierskap (sien bladsy 4), die tradisionele plig van hoëronderwysinstellings om leiers van statuur op te lewer onder die loep geneem. Dit is te hope dat die Declaration of Beliefs and Principles wat na afloop van die drie-dae lange beraadslaging opgestel is, nie net in die vorm van konkrete planne by die US se stelsel geïntegreer sal word nie, maar dat dit ook die besluite, kurrikula sowel as studente- en personeelprojekte by ander hoëronderwysinstellings oor Suid-Afrika, en hopelik ook die wêreld, heen sal rig.

Leierskap in alle gedaantes is ongetwyfeld 'n hoofprioriteit vir die US. Die Universiteit het onlangs 'n aantal van sy voorste navorsers vereer wat in 2008 Nasionale Navorsingstigting-graderings ontvang het (bladsy 3). *Kampusnuus* het ook met die nuwe adjunktdirekteur van die Sportburo, me Gugu Ntuli, gaan gesels wat onlangs haar kundigheid by die reeds bekwame span van die Buro kom voeg het. Lees gerus ons onderhoud met haar op bladsy 5.

Blaai na bladsy 8 vir 'n voorsmaak van die nuwe bulletin. Dit is net nog 'n voorbeeld van hoe die US beter, byderwetser en meer gebruikersvriendelike platforms vir ons personeel skep. Die boeke-afdeling verskyn nie hierdie maand nie, maar ons bied jou steeds op bladsy 7 ons gebruiklike reeks musiekkonserte sowel as inligting oor 'n treffer-verhoogproduksie deur die Afrikasentrum vir MIV/vigs. Op dieselfde bladsy kan jy ook meer lees oor Suid-Afrikaanse digter Gabeba Baderoon wat vroeër hierdie maand die Departement Engels besoek het.

Ek hoop dat, ten spyte van al die uitdagings waarvoor ons as Suid-Afrikaners te staan kom, die artikels in hierdie uitgawe jou sal herinner dat wanneer eendersdenkende mans en vroue hulle vaardighede, kundigheid en kennis ten goede saamvoeg, daar steeds baie is om as burgers van hierdie land te vier.

Lynne

Today's youth part of a chosen generation

"I am part of a chosen generation." This is something I became aware of once my eyes opened up to the fact that there is a job to be done and that life was not about getting by comfortably in the safety of the bubble we create for ourselves. However it is only recently that I have begun to grasp the weight of the responsibility that rests upon my and my contemporaries' shoulders.

We are referred to as 'youth', a term connoting 'not a child but not yet an adult'. A definition which in itself does not espouse a sense of certainty in what are already uncertain times. It would thus seem that the paramount challenge, that of uncertainty, that faces the youth is then not actually a crisis but instead one of those complimentary gifts that come with the gift of life. Given our unfixated position, maybe we should resign ourselves to not being sure.

This uncertainty that I speak of is evident everywhere. Just have a conversation with any student on this campus. Some of them will tell you that they are not sure of whether or not they have a future in South Africa, others are apprehensive of their ability to make a meaningful contribution to society while even more students are not certain that they will survive the week given their arduous test schedule. They do not represent an insignificant minority, in fact they are part of the 2% of our population that have been afforded the opportunity of higher education, our future leaders.

To add injury to insult recent events in South Africa have not exactly cemented our belief in the community. Here we can cite examples of racism at Reitz residence at the Free State University. Then we witnessed as the 'vanguard' of our democracy became the

'vandals' within our democracy, conducting themselves in a manner that is unbecoming of a party, never mind a gathering of future leaders of the most powerful political organisation in South Africa.

Before the ink had dried on the last report about the latest fiasco, we witnessed on the eve of Africa Day a wave of hate and indifference towards foreigners who had come to South Africa in search of a better life for themselves and their families.

Given these events, it has become natural for the youth to feel despondent.

In the year 2008, the child who started school in a democratic, free South Africa will be putting the finishing touches to his or her university degree. The question that begs to be asked is whether that particular youth is anymore certain of their place in South Africa than Hector Petersen was when he be-

came an icon for the pursuit of justice by the youth of South Africa?

If you asked me, what does it mean to be a youth in South Africa today?, I would probably answer: 'It is a quest for certainty.' It is a quest for steadfast leadership examples in an era where new Mandela's are a rarity. It is the quest for optimism in a world where the media seem rather to sell pessimism than hope.

It is a quest to see myself and others outside the confines of race, age, gender, religion and other limiting categories. It is the belief that it is through hope for my country that I will enter adulthood with a clear understanding of my role within this wide community. It is knowing, that despite the challenges, I am indeed part of a chosen generation.

– Taamba Iithete
Student leader from SU

Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gespreksvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets oppie Rooiplein is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

E-POS AAN LYNNR@SUN.AC.ZA

Is Stellenbossers 'n spul draadsitters?

Ek werk nou al langer as 20 jaar by die Universiteit en beleef hierdie instansie as 'n plek van uitnemendheid wat altyd daarna streef om nuwe kennis te ontgin en 'n gesonde tradisie van debatvoering te koester. Dit alles om 'n lewendige omgewing te skep waar kennis daaglik groei en verander en waar nuwe idees posvat.

Nadat die personeelkoerant 'n jaar of wat gelede 'n gedaanteverwisseling ondergaan het, sien ek daar is ook nou veel meer spasie om nie net ons opinies te lug nie, maar ook om debatte deur middel van briewe te voer. En dit is lekker om te sien dat hierdie blad gereeld benut word en dat daar 'n oplewing van debatte hier geskied.

Wat my wel pla, is dat terwyl die US-gemeenskap nog goeie en gereelde brieweskrywers is, hulle verkies om eerder hulle menings en gedagtes in die buitemedie te lug.

Blaai ek deur *Die Burger*, word my vermoede bevestig. Dit laat my wonder of die US-gemeenskap niks meer op die hart het wat hulle graag wil deel nie.

Ek stel glad nie voor dat personeel nie hulle opinies in die buitemedie lug nie, maar hoekom nie ook in *Kampusnuus* nie? Hoekom nie 'n slag jou gedagtes hier deel sodat dié wat verantwoording doen vir sekere afdelings by die Universiteit sekere besluite kan verduidelik nie?

Die enigste gevolgtrekking wat ek kan maak, is dat Stellenbosch-personeel apaties is en net nie belang stel in wat op kampus gebeur nie, behalwe natuurlik as dit te doen het met taal. Sê net die woord 'taal', en die briewe begin by *Die Burger* invloei. Ek wonder net hoekom die briewe nooit by *Kampusnuus* invloei nie? Is dit vrees? Dit kan tog net dit wees.

Ek stel voor dat die redakteur iets kontroversieel oor die taaldebakel skryf om my teorie te toets. Ek is seker daardie possak van haar sal dan oorloop van briewe!

– *Stilbly is nie 'n opsie nie*

Are diversity and equity real priorities for US?

Firstly I would like to congratulate Dr Jerome van Wyk, Director: Equity and Diversity, for the work he single-handedly seems to be doing to bring about transformation and equity on this campus, be it based on race, gender or disability. However, I am disappointed to notice that the office that Dr Van Wyk heads only consists of two staff members, one of which is Dr Van Wyk and the other his personal assistant.

This begs the question whether this University truly considers diversity and equity a main priority in transforming this institution? I am by no means questioning the good work that Dr Van Wyk is doing, but am wondering how much more could be done if he had a full staff complement, hopefully with some of these staff members based at the other campuses as well, to help him in this daunting task.

– *Not convinced*

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan lynn@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800.

Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys.

BRIEWE

Gedeelde geloof speel belangrike rol in interkulturaliteit

“Suid-Afrikaners het sedert 1994 ’n lang pad geloop in die aanvaarding van ons samelewing se veelkulturele aard. Ons vermoë om oor kultuurgrense heen te kommunikeer, het egter nie dienooreenkomstig ontwikkel nie.” Hierdie verskynsel was volgens prof Louis Jonker van die Departement Ou en Nuwe Testament van die Fakulteit Teologie die onderwerp van ’n studie wat hy met finansiering van die Nasionale Navorsingstigting oor die afgelope drie jaar onderneem het.

Prof Jonker verduidelik dat die projek, wat die empiriese waarneming van ’n aantal Bybelstudiegroepe in die Wes-Kaap behels het, die Bybel en die Christelike geloof se potensiaal ondersoek het om as ‘gemene delers’ goeie kommunikasie oor kultuurgrense heen te fasiliteer.

Volgens prof Jonker het die ondersoek die hipotese dat tussenkultuurblootstelling op grond van gedeelde Bybelstudie mense se begrip van interkulturaliteit in die samelewing versterk, bo alle twyfel bevestig.

Die projek het agt Bybelstudiegroepe uit gebiede soos Cloeteville,

Idasvallei, Kayamandi, Dalsig, Helderberg, Khayelitsha en Welgemoed betrek. Die studie-steekproef het drie swart, twee bruin en drie wit Bybelstudiegroepe ingesluit.

In die eerste fase van die empiriese studie is elke Bybelstudiegroep gevra om binne eie groepsverband twee konsepte te bespreek, naamlik hulle begrip van familie en gasvryheid onderskeidelik.

“Almal verstaan hierdie twee konsepte op een of ander manier, en die begrippe blyk ook nie emosioneel gelaaie te wees nie,” verduidelik prof Jonker. “In wese beteken gasvryheid om jou vir die ander oop te stel.”

“Ons het die groepe gevra om te verduidelik of hulle hulle kerk en groep as gasvry sou beskryf, en of hulle die kerk as ’n familie beleef. Ons het hulle verder gevra of hulle Suid-Afrika as ’n gasvrye land en die Suid-Afrikaanse samelewing as ’n familie ervaar.”

In die tweede fase is die groepe gevra om ’n gedeelte uit die Bybel, Lukas 4 wat bepaald oor gasvryheid handel, te bespreek. “Elke Bybel-

studiegroep moes dit afsonderlik binne eie groepsverband bespreek, en ’n video-opname is van die besprekings gemaak.”

In die derde fase moes hulle mekaar binne hulle onderskeie gemeenskappe as Bybelstudiegroepe besoek. Aldus prof Jonker was hierdie tussenkultuurontmoeting daarop gemik om elke groep kans te gee om te sien hoe die Bybel in verskillende gemeenskappe verstaan word, om met ander oor die verskille en ooreenkomste te praat, en uit mekaar se gedagtes te put.

Die vierde fase het volgens prof Jonker uit ’n gestruktureerde onderhoud bestaan wat in ’n verslag saamgevat is. Atlas TI, rekenaarprogrammatuur wat in kwalitatiewe ondersoeke gebruik word, is ingespan om patrone wat uit die projek na vore gekom het te verwerk en te kodeer.

“Dit was ongelooflik om te sien dat al die groepe vrees as die hoofrede aanvoer waarom hulle versuim om met mekaar om te gaan. Vrees belemmer daarom interkulturaliteit.”

Kennis van die ander, en blootstelling aan die wêreld van die ander,



Deelnemers in die navorsingsprojek, *From multiculturalism to interculturalism*, het onlangs by die Fakulteit Teologie ontmoet vir die sluitingsvergadering van die projek. Bybelstudiegroepe van Cloeteville, Idasvallei, Kayamandi, Dalsig, Helderberg (in Somerset-Wes), Khayelitsha en Welgemoed het aan die projek deelgeneem

is belangrike faktore om vrees teen te werk. Prof Jonker sê dat grondliggende kennis van die ander se taal sowel as houding en gedrag eweneens belangrik is om versperings af te breek.

“Met behulp van die gekombineerde Bybelstudiegroepe het ons geleer dat verskillende groepe dieselfde dinge verskillend beleef, en dat hulle

boonop die Bybel verskillend lees,” voeg hy by. “Die studie bevestig egter ook dat die Bybel oor kultuurgrense heen gelees word, en dus oor die potensiaal beskik om gemeenskappe die skuif van veelkulturaliteit na interkulturaliteit te laat maak. Alle kerke behoort erns te maak met hierdie bevinding!”

Universiteit vereer NNS-geëvalueerde navorsers

Die Universiteit het navorsers aan wie in 2008 ’n evaluering-gradering deur die Nasionale Navorsingstigting toegeken is, tydens ’n onlangse geleentheid vereer. Die US beskik reeds oor 234 NNS-geëvalueerde navorsers.

“Die US is baie trots op sy 11 A-geëvalueerde navorsers in 2008,” het prof Izak van der Merwe, Waarnemende Direkteur: Navorsing, gesê.

Die NNS-evaluering is ’n globaal-mededingende stelsel wat wetenskaplike navorsers gradeer na gelang die

gehalte en impak van hul navorsingsuitsette op grond van publikasies, eweknie-evaluasie en kundige menings wat plaaslik en in die buiteland ingewin word.

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling bied elke jaar ’n gesel-

ligheid aan waartydens persone wat onlangs NNS-evaluering ontvang het, gelukkigewens word. Subkomitee A (Geestes- en Sosiale Wetenskappe) en Subkomitee B (Natuurwetenskappe) bied ook aan geëvalueerdes ’n aansienlike navorsingsbonus wat ’n totaal van ’n paar miljoen rand bedra en wat tydens die geleentheid amptelik oorhandig word. Subkomitee C (Gesondheidswetenskappe) sal tydens ’n latere funksie sy geëvalueerdes vereer.

Tydens die geleentheid het prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, die gehalte van die navorsing wat deur die US gelewer word, beklemtoon. Hy het ook gesê dat die Universiteit in die toekoms sy energie meer op die groei van studente op nagraadse vlak sal fokus.

Hy het die navorsers bedank vir hulle harde werk, veral die navorsingsaktiwiteite wat daarop fokus om gemeenskappe te verbeter en ontwikkeling te ondersteun.

“Ons moet ons kennis gebruik om

ons gemeenskap te transformeer. Dit mag revolusionêr klink, maar dit is nie tans voldoende nie. Die Universiteit was altyd ’n instansie wat relevante navorsing gedoen het, maar dit was ongelukkig net op ’n sekere groep binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap gefokus,” het hy gesê.

“Ek sien my termyn hier as uiters positief en ek dink dit is ’n opwindende periode waar die Universiteit nie net verandering in Suid-Afrika nie, maar ook oorsee kan aanhelp. Ons het die geleentheid om ’n bydrae tot die ontwikkeling van hierdie land te maak.”

Prof Van der Merwe sê dit is verblydend dat feitlik al die navorsers in die Geestes- en Sosiale Wetenskappe wat verlede jaar vir her-evaluering aansoek moes doen, dit wel gedoen het en dat die aantal wetenskaplikes uit die Geestes- en Sosiale Wetenskappe goed begin vergelyk met dié uit die Natuurwetenskappe.



Hier is die navorsers uit die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wat vereer is. Saam met hulle is die Viserektor: Navorsing, prof Arnold van Zyl (vierde van links voor) en lede van die Afdeling Navorsingsontwikkeling (SSFD)

Prof Sakkie Cornelius vir ’n jaar na Duitsland

Prof Sakkie Cornelius (foto) is genooi om ’n jaar as genoot aan die Ruhr-Universitat in Bochum, Duitsland, deur te bring ten einde navorsing te onderneem en aan die aktiwiteite van die konsortium ‘Dynamics in the History of Religions: Between Asia and Europe’ deel te neem. Hierdie internasionale konsortium spits homself toe op navorsing in die geesteswetenskappe, en is een van drie sodanige liggames wat deur die Ministerie van Onderwys en Navorsing van die Federale Republiek van Duitsland tot stand gebring is. Een van die konsortium se hoofdoelwitte is om gesiene vakkundiges te nooi om by sy werksaamhede betrokke te raak.

Prof Cornelius sal aan tema 1, ‘Origin of the major religious and ethical traditions via diachronic and synchronic cultural contact’,



deelneem, en sal saam met prof Christian Frevel werk aan die navorsingsprojek *Traces of Monotheism in the material culture? Changes in the religious symbolism in the formative phases of pre-Hellenistic Judaism in the Iron Age III and Persian Period (ca. 604-332 BCE)*.

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe betrokke by eksterne evaluering

Die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, prof Hennie Kotzé, is deur die Universiteit van Otago in Dunedin, Nieu-Seeland, genooi om as paneellid te dien met die evaluering van hulle departement Politieke Wetenskap. Prof Philip Nel, voormalige hoogleraar van die Universiteit Stellenbosch, is tans die hoof van hierdie departement. Die evaluering het vanaf 15 tot 18 April geduur.

Prof Johann Cook van die Departement Antieke Studie was vanaf 4 tot 7 Mei betrokke by die eksterne evaluering van die Departement Antieke Tale van die Universiteit van Pretoria. Hy is genooi saam met prof Marianne Dirksen van die Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus), en twee buitelandse kollegas, prof Kristin de Troyer van die School of Religion, Claremont Graduate University in Claremont, Kalifornië, en prof John Fitzgerald van die Departement Religieuse Studie by die Universiteit van Miami in die USA.



Op die foto verskyn proff Kotzé (links) en Cook by ’n versamelbundel, *Translating a Translation, the LXX and its modern translations in the context of early Judaism*, wat pas verskyn het. Hierdie boek, waarvan prof Cook ’n mede-redakteur is, bevat die verrigtinge van ’n kongres wat in Desember 2006 in Leuven plaasgevind

het ter afsluiting van die bilaterale navorsingsprojek ‘Textual studies in early Judaism: The Septuagint and the Dead Sea Scrolls’ tussen die Universiteit Stellenbosch en die Katolieke Universiteit Leuven met die finansiële steun van die Nasionale Navorsingstigting en die Katolieke Universiteit Leuven.

University embarks on a path of courageous conversations



Here is the Rector, Prof Russel Botman, with delegates and guest speakers who participated in the recent Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership: Global Perspectives in a Southern African context in April. From the left are Prof Botman, Dr Betty Siegel, co-host, President Emeritus and Distinguished Chair of Leadership, Ethics and Character at the Kennesaw State University in the USA; Ms Frances Hesselbein, Chairman of the Board of Governors of the Leader to Leader Institute in the USA; Ms Geneva Bolton Johnson, former President and CEO of the Family Service America, Inc. and Families International, Inc. and Judge Arthur Chaskalson, former President of the Constitutional Court of South Africa and Chief Justice of South Africa (SSFD)

Stellenbosch Seboka On Higher Education and Ethical Leadership

*Global Perspectives in a Southern African Context
23-25 April 2008*

A CALL FOR CHANGE AND ACTION

We, the participants in the Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership, recognise that we face a moral crisis in global society. As the historical mission of higher education includes the development of ethical leaders for the common good, we therefore advance the following beliefs:

Higher Education is uniquely positioned and has a responsibility to address the need for ethical leadership in our time and for the future.

Higher Education is responsible for developing ethical and moral leaders for all sectors of society.

Higher Education is a public good and an important empowerment agent for the individual and society.

To enact these beliefs, we should initiate change and innovate as follows:

Higher Education should fearlessly acknowledge and confront moral issues in society by articulating and publicly discussing them, and by deliberately addressing them as part of its teaching, research, community engagement, and administrative agenda.

Higher Education should prepare graduates for lives of meaning and purpose, and equip them as holistic agents of change.

Higher Education should embrace diverse people and perspectives to ensure a rich learning environment.

Higher Education should remove every possible barrier to access and success.

Higher Education should develop authentic moral and ethical leaders within institutional cultures of collaboration.

Higher Education should engage in substantive collaboration with other parts of society, such as government, communities, NGO's and the corporate sector, to promote a moral and ethical society for the common good.

Higher Education should rethink and re-imagine traditional assumptions and approaches in all of its activities and disciplines.

Higher Education should develop moral ethical leaders who are prepared to accept and act on responsibilities and challenges in organisations.

Higher Education should integrate moral and ethical principles and practices across the curriculum and amongst all role-players, thus visibly permeating the entire institution.

We will strive to develop leaders who are recognized by others for their:

- Impeccable integrity in public and private life: leadership by example.
- Courage to question, reflect, stand alone and commit to action according to sound values.
- Responsibility, accountability and transparency.
- Respect, empathy and compassion within diverse communities.
- Ability to solve problems involving difficult choices and trade-offs.
- Commitment to life-long learning.
- Belief in embracing and celebrating diversity and the potential for change, and a commitment to the common good.
- Inspiring, motivating, optimistic and authentic leadership.
- Willingness to suffer for the sake of others.
- Willingness to step aside when ethical considerations require it.
- Humility, altruism and selflessness.
- Ability to communicate persuasively without coercion.
- Critical self-understanding of personal strengths and weaknesses.
- Willingness to accept critique and to engage in debate.

"Higher Education must engage in the exhilarating business of giving moral and ethical leadership training"

*- Archbishop Emeritus Desmond Tutu,
24 April 2008*

*Stellenbosch Seboka on Higher Education
and Ethical Leadership*

Seboka declaration implemented in concrete ways

The Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership: Global Perspectives in a Southern African Context held at the Wallenberg Centre in April was a huge success. This flagship initiative in which top international leaders in ethical leadership gathered to discuss the role of universities in producing leaders of calibre and sound ethics culminated in the release of a Declaration of Beliefs and Principles pointing the way forward for higher education institutions.

The three-day summit was attended by 19 institutions of higher learning with significant representation from the Southern African region and the United States of America.

The Declaration together with proposals by Dr Ludolph Botha, Senior Director: Academic Support, for its implementation at Stellenbosch University, has been favourably received by top management.

"The Seboka, and in particular the Declaration of Beliefs and Principles, clearly indicate that ethical leadership is a theme to which the University needs to pay further attention and that we should deliberate about ways in which we could practically implement the principles and guidelines of the Declaration. Ethical leadership has to filter through to all the various platforms in the University," said Dr Botha.

According to the recommendations proposed by Dr Botha and accepted by the Rector's Management Team, the University will participate in an international congress in Atlanta in 2009 in follow-up to the Seboka and the Oxford Conclaves on Global Ethics held in England the last three years. SU will hold a Seboka once a year to provide a

Stellenbosch University has embarked on a path of structured courageous conversations as a mechanism for change in the institutional culture of the University. At another level the conversations are aimed at spurring new thinking, incisive discussions and leadership on current socio-political issues in a way that will add value to the national debate on current affairs.

At an institutional level these conversations aim to create safe spaces for students and staff to engage on matters of common concern and to constructively work toward creating a home for all, says Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching, who shares stewardship for the implementation of the programme across all levels at the University with Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Staff.

"The goals of this initiative are to introduce platforms where individuals are able to voice, discuss and debate concerns and challenges at the University; to facilitate open and honest discussion in secure environments that are conducive to effective communication; to document the results of these sessions with a view to inform policy, curriculum decisions and procedural reviews; and to bring about culture renewal and constructive change in the institution," says Prof Botman.

The series of conversations for staff members will be co-ordinated and implemented by the Director: Diversity and Equity, Dr Jerome van Wyk. Dr Van Wyk will, together with the management from the academic and support services environments, decide on appropriate ways on which courageous discussions among staff members on all levels can be established.

In view of the present internal debate on institutional culture, it was

decided that dialogue would commence with discussions about race, gender and substance abuse.

The Student Dean, Mr Llewellyn MacMaster, will drive discussion sessions among students and will involve all relevant environments on the merits of the topic of discussion on hand.

Conversations between staff and students will be co-ordinated via the offices of the Student Dean and the Director: Diversity and Equity.

"Individuals will require safe surroundings in order to discuss issues that might set them ill at ease and that may evoke emotional upsurges. It is, however, a process that must be engaged effectively in order to beget the structural and behavioural changes that will feed into SU's transformation processes in order to realise the objectives of the Pedagogy of Hope and attaining Vision 2012," says Dr Jerome van Wyk.

Outside the ambit of University matters, the programme of courageous conversations also entails a series of high-level discussions among experts and leaders on pertinent issues of the day. These will be presented under the banner of the Stellenbosch Seboka. Seboka is a Sotho word denoting a gathering of people (leaders) coming together for a common cause. The recently held Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership is the first in this series of leadership discussions (see adjacent report on this event).

Another tier of the courageous conversations initiative is a focus on current affairs that aims to contribute new thinking and perspectives to the national debate or discourse. The conference on Changing Institutional Culture, scheduled for 30 May 2008, is aimed at spearheading this programme.

high level platform for courageous conversations.

Furthermore, the Academic Planning Committee and the Committee for Learning and Teaching will start discussing the issue of ethics in relation to the curriculum as highlighted in the Declaration. Ethical leadership should also be extended and developed in the *out-of-class experience* of students, and student leaders will be requested to give it priority status across the spectrum of their activities. The Rector, Prof Russel Botman, will also place the Declaration on the agenda of Higher Education South Africa (HESA) for further discussion and try to gain the support of other tertiary institutions.

"If the University wants to set about this with earnest, it has to focus its attention on ethical leadership across the curriculum and discuss the Declaration of Beliefs and Principles thoroughly in forums such as the Academic Planning Committee and the Committee for Learning and

Teaching. However, it must not only be limited to the academic *in-class experience*, but to the student in his or her totality and this means including Academic Support environments as well as Student Affairs in a deliberate attempt to further build and develop ethical leadership also in the *out-of-class experience*," explained Dr Botha.

The conversations and presentations that were delivered during the Seboka, including Prof Botman's contribution and that of international experts such as Dr Betty Siegel, Prof John C Knapp, Ms Frances Hesselbein, Ms Geneva Bolton Johnson, Archbishop Emeritus Desmond Tutu and Dr Arthur Chaskalson, will be published in both electronic and printed format.

The Seboka, says Dr Botha, is the first deliberation of its kind to be held in Africa and the first in a series of high-level courageous conversations that will take place at the University this year.



SAYING HELLO! Archbishop Desmond Tutu says hello to one of the delegates at the Seboka, Ms Maniunia Spence. In the middle is Dr Ludolph Botha, Senior Director: Academic Support (SSFD)

Gugu Ntuli new Deputy Director of Sports

Gugu Ntuli's parents always thought their eldest daughter would follow in their footsteps to the medical world, but what they did not count on was her head-strong determination to follow her own path in life.

Ms Ntuli is the recently appointed Deputy Director of the Sports Bureau at the University and says she is very excited to share her expertise with the rest of the University community, as "Stellenbosch provides fertile ground for new ideas".

Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Staff, said that he is delighted with the appointment of Ms Ntuli and is of the opinion that her distinctive background, qualifications and experience is of great benefit to the Sports Bureau in particular and the University in general. He said that all environments at the University should strive towards thoroughly diversifying the demographic profile.

The eldest of five children, this Gauteng native decided after matric to relocate to the United Kingdom (UK). "I had every intention to continue my studies there, but after completing my A-levels I decided I rather wanted to study in France."

A diploma in French Language followed, but after completing it she

decided that Australia might be a better option for further study. She enrolled at the Queensland University of Technology for her Bachelor of Applied Science degree, but halfway through it she realised she did not just want to be a scientist, but also wanted to know the business side of it, so she signed up for a Bachelor of Business as well!

Ms Ntuli admits it took some serious juggling on her part to complete two degrees simultaneously, but she managed and obtained both degrees. "It was hectic – sometimes it was a challenge getting to classes as I was also working to support myself. Luckily the majority of the courses were web-based, making it easier to work and study."

She returned to the UK in 2004 to start her MBA in Sports Management at Coventry University and graduated in 2005. She cut her teeth at various top-notch companies worldwide. She has held positions as a lecturer in Sport Broadcasting at Coventry Business School; Research and Knowledge Manager at the NHS Institute of Innovation and Improvement at Warwick University; Performance and Research Manager at Leicestershire and Rutland Sport at Loughborough University; and Public Relations Manager (Media) at

Absa Bank.

Ms Ntuli says she hopes to utilise this experience of different markets and environments to further Stellenbosch University's excellence.

"Stellenbosch University is quite accomplished and known for its excellence in research and science. It is also known for its sports excellence in performance and staff expertise alike. I think I bring diverse elements from all the different industries I have been involved in and am positive that I can add value and best practice from all the varied experience I have acquired over the years."

Ms Ntuli, who speaks six languages, including French and Tswana, says her plans for the immediate future consist of acquiring an understanding of the culture of the University. "I am currently familiarising myself with the vision of sports at the University. This is very important – I have lots of new ideas, but all of them must be relevant to Stellenbosch. One of the things I aim to do is to strengthen the connection between the Sports Bureau and the rest of the campus. I want to reinforce partnerships that will benefit sports as well as the University at large," says Ms Ntuli.

She adds with a laugh that although



"I have lots of new ideas but all of them must be relevant to Stellenbosch," says Ms Gugu Ntuli

(Hennie Rudman, SSFD)

she previously could understand and speak some Afrikaans, she needs to refresh her skills. "My daughter has a booklet from school with all the basic Afrikaans words, so I think I must do it with her every night and get my 'kat, hond' back into shape!"

She says she is very impressed with the leadership at the University. "I find the leadership to be very supportive of new ideas; they are visionary and, in my opinion, definitely moving in the right direction."

"From my experience, the University is like a sponge; while a leader in many fields, it is very willing to learn and soak up new ideas and innovations. I am also looking forward to learn from the staff here – we can learn so much from one another with our different experiences." When asked what she does when she is not wearing the Deputy Director of Sports hat, she laughs and says, "I am mom to my eight-year-old daughter – we spend time together and do mommy-and-daughter things!" – LIEZL SCHOLTZ



Lindie le Roux se vriendelike gesig sal nie meer op die derde vloer vanaf 30 Mei gesien word nie. Lindie verlaat die US na 20 jaar

(Hennie Rudman, SSFD)

Lindie groet die US ná 20 jaar

In 1988, drie dae ná die Nuwejaarsvieringe, het 'n skaam en skugter jong vrou as tikster/mikrorekenaaroperatrise by die destydse Afdeling Navorsingsadministrasie van die Universiteit Stellenbosch begin werk.

Dié skaam, skugter 18-jarige, vars uit die sekretariële skool, is deesdae net 'n spookbeeld uit die verlede. "Sy bestaan lankal nie meer nie. Ek het grootgeword hier by die Universiteit. Ek het geleer om my sê te sê wanneer dit moet – iets wat ek destyds nooit sou gedoen het nie." Só sê mev Lindie le Roux, wat ná 20 jaar by die Afdeling Navorsingsontwikkeling op 30 Mei vir die laaste keer haar kantoordeur in Admin B op die derde vloer agter haar sal toetrek.

Lindie, haar man, Andries, en seuntjie Daniël (5), verruil eersdaags die Eikestad vir die lowergroen vallei van Ceres waar Andries, 'n brandweerman, 'n offisierspos by die Kaapse Wynland Distriksraad aanvaar het. Lindie, wat in Rhodesië (deesdae Zimbabwe) gebore

is, het in 1981 saam met haar ouers na Suid-Afrika verhuis en het 'n paar jaar later haar loopbaan by die Universiteit begin.

"Ek het 'n paar dae voordat ek begin werk het 18 geword! Dit was 'n nuwe omgewing, maar die mense was fantasties – almal het gehelp met my opleiding. Lettie van Jaarsveld het die jaarboek gevat en stap vir stap vir my van die Universiteit geleer. Ek het later begin selfvertroue kry – dit het lank gevat, maar ek het geleer hoe om my man te staan en nie toe te laat dat enigeen op my trap nie."

'Lindie-kind' soos dr Frans Coetzer en ook prof Serf Kritzinger haar genoem het, het gevorder van skaam, teruggetrokke tiener tot die afdeling se tegnikus. "Ek is gefassineerd met rekenaars en wil gedurig weet hóé dinge werk – ná 'n tyd was ek die persoon wat almal geroep het as die masjiene probleme gee hier in die afdeling."

Volgens Lindie kan sy nie een spe-

sifieke hoogtepunt in haar twee dekades by die Universiteit uittit nie, maar sê vandat sy in 1999 as prof Piet Steyn, Waarnemende Senior Direkteur: Navorsing, se sekretaresse begin werk het, haar kennis, veral van die buitewêreld, "geweldig gegroei" het.

So wat gaan die selferkende "organisatoriese freak" nou doen? "Wel, ek het nooit gedink ek sou ooit my beroep laat vaar nie, maar vir eers gaan ek voltyds ma wees vir Daniël. Hy is volgende jaar in graad 1 en ek wil meer tyd saam hom deurbring. Dit pluk aan my hartsnare as ek nie sekere dinge saam met hom kan doen nie omdat 'Mamma moet werk'. En dan wil ek my toespits om rekenaarlesse vir veral jong skoolkinders in Ceres aan te bied."

Lindie, wat erken dat een van haar gunsteling tydverdrywe is om na mooi uitsigte te sit en staar, sê die huis in Ceres kyk uit op die "mooiste uitsig van die Mitchells-pasberge". "Ek kan myself sien met 'n beker lekker koffie

op 'n swaibank in my tuin met daai uitsig voor my," skerts sy.

Stilsit is egter nie deel van Lindie se toekomsplanne nie. "Ek het nog altyd gehou van uitdagings en natuurlik rekenaars. Ek het juis al begin werk om die planne vir verandering aan die huis met die rekenaar te doen – ek weet presies hoe ek my huis wil hê en kan nie wag om te begin nie!"

Prof Izak van der Merwe, Waarnemende Direkteur: Navorsing, sê Lindie sal beslis gemis word. Volgens hom is sy die "institusionele geheue wat presies die 'wat, wie, waar en hoekom' van dinge gedurende die afgelope 20 jaar onthou het!"

"Ek weet ek gaan huil as ek op my laaste dag hier uitstap en dit sal seker baie *weird* voel as ek Maandagoggend besef ek hoef nie op te staan vir werk nie! Dit sal 'n verandering wees, maar ek voel dit is die beste besluit wat ek vir my kind kan maak."

– LIEZL SCHOLTZ

SU shares expertise on disability research with SADC organisation

The Southern African Federation on Disability (SAFOD) recently visited Stellenbosch University on a fact-finding mission. *Kampusnuus* spoke to Prof Leslie Swartz, Chairperson of the Department of Psychology, to learn more about SAFOD and the partnership the University shares with the organisation.



Prof Leslie Swartz (front, fourth from the left) during a SAFOD workshop in Gaborone, Botswana

SAFOD, explains Prof Swartz, is a cross-national organisation representing organisations for disabled people in the ten Southern African Development Community (SADC) regions. One of their key aims, says Prof Swartz, is to become a powerhouse of information and research on disability issues in the SADC region. A core goal of the organisation is to enable organisations for disabled people to undertake self-directed research and use its findings to influence policy and practice that is responsive to the needs of disabled people.

The organisation shares connections with the University both through the Department of Psychology and through its Centre for Rehabilitation Studies at

Tygerberg campus, which has established, with SAFOD as a partner, the African Network for Evidence to Action on Disability (AFRINEAD). Central to managing this network are Gubela Mji, Director of the Centre, and Siphokazi Gcaza, Senior Lecturer.

"SAFOD offers a research skills programme to its members and needed to find a research partner to help implement the programme. They approached the Department of Psychology after being referred to us by other partners we have worked with in the past. They were looking for a partner with proven expertise in disability research and capacity-building skills, and our department fitted the bill," explains Prof Swartz.

The research skills programme forms part of the inception phase of the SAFOD research programme, where the focus is on a Participatory Learning and Action Research (PLAR) approach to build the institutional capacity of the organisation to design, drive and deliver their own research and development programme, focusing on disability issues with an inclusive poverty, emancipation, social exclusion and human rights focus.

"The PLAR approach recognises that the research and development process is already well underway and the inception phase will build on existing institutional knowledge and current capacity to develop a solid foundation for the SAFOD five-year programme.

(turn to page 7)

SunPrint onder nuwe bestuur – verbind tot 'uitstekende dienslewering'

SunPrint, voorheen bekend as US Drukkery, is sedert begin Desember 2007 onder nuwe bestuur. Mnr Henning van Aswegen, die nuwe Algemene Bestuurder van SunPrint, het 35 jaar ondervinding in die drukkersbedryf en sê hy en sy span is verbind tot "uitstekende dienslewering".

"Ek het 'n goed opgeleide en gemotiveerde span wat my in my taak ondersteun. Saam vorm ons 'n kern

om aan alle drukbehoefes op hierdie kampus te voldoen," sê mnr Van Aswegen.

SunPrint maak gebruik van die litografiese drukmetode en beskik oor die toerusting om boeke, briefhoofde, brosjures, dagboeke, jaarverslae en vaktydskrifte, kalenders, komplimentêre strokies, koerante, lêers en voulêers vir dokumente, notaboekke, nuusbriewe, pamflette, plakkaat (A0-A5),

referate, sertifikate, tydskrifte en visitekaartjies in volkleur te produseer.

Boonop lewer hulle die volgende dienste: sny, vorm uitsny (*die cutting*), en foelie- en bossleerwerk.

"Ons wil ook 'n meer uitgebreide diens lewer en sal in die toekoms ook produkte of dienste soos die materiaal-druk van vlae, baniere en T-hemde, laminering en spesiale skandering van byvoorbeeld foto's en negatiewe aan

ons kliënte wil lewer," sê mnr Van Aswegen.

Vir navrae besoek gerus Admin A, Kamer 1028 of 1016. Die ingang is aan die suidekant onder die loopbrug (dieselfde perseel waar die US Drukkery was).

Die bestuurspan se kontakbesonderhede volg hieronder:

■ Algemene Bestuurder
Henning van Aswegen

Tel: 021 808 3950

E-pos: henningva@sun.ac.za

■ Produksiebestuurder
Donovan Vermaak
Tel: 021 808 3950

E-pos: Donovan@sun.ac.za

■ Bemerkingsbestuurder
Esther Buitendach
Tel: 021 808 4673

E-pos: sunprint-esther@sun.ac.za

Stellenbosch enters phase of fundamental repositioning (from page 1)

graduates and the manner in which the University is managed

- SU wishes to be as accessible as possible to those with ability, particularly those from previously disadvantaged communities, among others through our fair management of language and through financial support
- SU wishes to retain Afrikaans as an asset in a multilingual environment.

The decision by Council crowns the visionary strategic thinking that was laid down under the leadership of previous rectors such as Prof Andreas van Wyk, who produced the *Strategic Framework for the Turn of the Century and Beyond*, and in the rightsizing processes that were implemented by Prof Chris Brink to ensure the sustainability of the University.

The Council has also demonstrated its commitment by making the first investment to strengthen Management's hand in its endeavours to unlock additional funds from external funding sources for the extensive repositioning of the University. "In essence, our immediate endeavour is to raise the success of the University to become more relevant and significant. As the expression goes: 'From success to significance'. This should apply to all the spheres in which we work: our academic endeavours, our research programmes and the contribution we make to community interaction – in our town and region, but also nationally, on our continent and globally," said the Rector.

At grassroots level, some of the more important issues to which the University will pay serious attention in

the repositioning include improving students' participation and access across a broad spectrum; retaining existing expertise and also making the University attractive as a career choice for people from the underrepresented groups; further extending and suitably supporting the postgraduate component on the basis of being a research-driven university; and placing significantly more emphasis on the contribution that should be made in South Africa and in/from Africa in the fields of research, teaching and community interaction.

The Rector said that pertinent action plans are required to realise these endeavours. For instance, it means a significant increase in recruitment bursaries to improve the diversity profile of entry-level students. Together with this, there has to be a sustained focus

on their successful study and a logistical foundation that will make it easier and safer for students from areas such as the Cape Flats to commute to the campus. At the postgraduate level it will also mean an extension of financial, academic and logistical support.

At the higher strategic levels it will require the University, with due allowance for its proven strengths, to focus on the themes with which the international community wrestles: combating pandemic poverty, promoting the physical and psychological human dignity of people, promoting peace and security (including food security), promoting democracy, and promoting a sustainable environment.

"In the endeavour to achieve self-renewal, our academics, research staff

and support service environments have literally worked day and night over the past few months to align the plans and projects of the various environments with the abovementioned themes or development goals. The initiatives, projects and innovative thinking that arose from this most definitely gave shape and content to a pedagogy of hope."

"Simply speaking, it means that our core activities of teaching and learning, research and community programmes have become bearers of hope for a better life for all. We now wish to establish and expand these research foci alongside the unfettered research and free exploitation of knowledge that has given the University its research stature over the years."

Day in the life of a Matie changes mindsets

"[Our school] wishes to thank you and the team for your hospitality and for the very rewarding trip to Matieland by our Grade 12 learners. Feedback from the educator and learners is that much was learnt and hopefully [the learners] are in a position to make informed decisions about applying for study next year. Thank you also for accommodating the boys who had to attend mosque. Through your efforts, we are gradually breaking down the mindset that tertiary studies at a top institution for [our] kids can only happen at UCT. I have noticed of late an increased interest from our kids to study at Stellenbosch University. Your efforts are bearing fruits."

These were the heart-warming words from a vice-principal of one of the schools that recently visited the University as part of the Centre for Prospective Students' (CPS) *Day in the life of a Matie* project.

"Despite the excellent reputation of the University nationally and internationally, it remains a challenge to

attract local black learners to Stellenbosch University. Although this problem can be ascribed to various factors, there are particular challenges relating to negative perceptions black learners might have about the University's institutional culture and student body, and fears relating to the language policy. These negative perceptions are often exaggerated and bridle the attempts of the CPS to contribute to the diversity profile of the University," says Celeste Nel, Senior Advisor at the CPS.

With this in mind, the CPS introduced a project entitled *Day in the life of a Matie*. The aim of this project is to give prospective students a first-hand experience of the University's social and academic culture, and to challenge perceptions that they might have about the University.

The CPS has been hosting these days for the last two years and invites learners from schools such as Bernardino Heights, Klein Nederburg, Cloeteville and Kylemore high schools.

Earlier this year the CPS presented its first *Day in the life of a Matie* for 2008 with about 80 learners from South Peninsula and Livingstone high schools in attendance.

Beverley Fanella, an Advisor at the CPS and the Coordinator of the *Day in the life of a Matie*, pointed out that South Peninsula and Livingstone are well known throughout the city of Cape Town as two top academic schools. "Although the University services these schools with information brochures and presentations at the school, there was a need to expose these learners to all the University has to offer," said Ms Fanella.

"The day commenced with a brief warning to all participating learners of a rather busy and active day – a typical day of a Stellenbosch student. Their first 'class' was a general presentation of the University's academic offer. This was followed by faculty-specific presentations, including presentations by the faculties of Economic and Manage-



The recent *Day in the Life of a Matie* ended off with this historical photo of two top performing schools who, by own admission, are notorious rivals – both academically and non-academically. On this photo Beverley Fanella, advisor of the Centre for Prospective Students and organiser of the *Day in the life of a Matie*, appears with the learners from South Peninsula and Livingstone high schools.

ment Sciences, Engineering and Health Sciences," said Ms Fanella.

"The learners particularly enjoyed a presentation hosted by the Economic and Management Science student body, who did an innovative business studies presentation that already shifted a number of paradigms. The day also involved making use of the CPS student ambassadors, who served as a good representation of our student body and

role models for the day."

The student ambassadors presented a rather insightful module, Student Life: Survival Guide 101, and a campus tour.

The students visited Metanoia student residence where the residence head student, Mr Wouter van Velden, provided a meal for the learners, and they were given the opportunity to interact with the rest of Metanoia's house committee members.

ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

TE KOOP / FOR SALE

Te koop: Sybokhaar artikels, Autodek stereo stel, banke, stoele ens. Skakel 021 887 5319 of 021 886 6572

TE HUUR / TO LET

Stellenbosch campus: Furnished 3-bedroom house for visiting academics Available from June onwards. To view or more info contact Ms de Kock on 082 439 8808

Woonstel te huur: 'n Ruim 3 - slaapkamer, 2-badkamer woonstel met onderdak parkering in Kusweg, Strand, te huur vir 'n onbepaalde tyd vanaf Julie 2008 vir verkieslik afgetredenes. R5000 per maand. Skakel 021 886 6054 of 082 968 2065

VERBLYF / ACCOMMODATION

Verblyf Stellenbosch: Selfsorgakkommodasie in Jonkershoekweg. Maksimum 3 persone, R100 p/p/per dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self of besoek www.121jonkershoekroad.co.za

Weskus akkommodasie: Vakansieakkommodasie beskikbaar by Club Mykonos. 6-slaapeenheid. 13-16 Junie 2008. R3500. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS

Southern Suburbs – Stellenbosch: Lift urgently needed Mon to Thurs from

Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office hours), on 021-797 9649 after hours or email lr2@sun.ac.za. Will make a contribution towards petrol expenses

Eerste River – Stellenbosch: Lift club available. Looking for more members to join, preferably 1 with own car. Working hours are from 08h00 – 16h30, Mondays to Thursdays. 08h00 – 15h30 on Fridays. If interested please contact Yolanda Johnson on 083 896 4456 / 021 808 4530 or email yjohnson@sun.ac.za

Bergvliet/Plumstead – Stellenbosch: Third person needed to join existing daily lift club. Preferably with own vehicle to share driving. Please contact Megan Burgoyne at meganb@sun.ac.za or 021 808 3717

Strand – Stellenbosch: Plek vir 3 persone om om beurt te ry (een week per maand), vanaf Strand-Suid. Werksure 07:30 – 16:00 (aanpasbaar 08:00 tot 16:30). Skakel Alta: 021 882 9923 (w), 021 854 5699 (h)

Kenridge/Brackenfell – Stellenbosch: Daaglik. Werksure: 07:30 – 16:00. Kontak Nicki by 082 341 0308

Kuilsriver (Mabille Park) – Stellenbosch: Saamrygeleentheid gesoek vir my seun (BRek student), Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 14:00. Kontak asseblief Shantall Renecke op 021 938 9035. Petrolbydrae sal ook gemaak word

Bellville – Stellenbosch: Persone gesoek vir 2 verskillende saamryklubs tussen Bellville en Stellenbosch, een

vir voldag- en die ander vir halfdagwerk. Vir meer inligting kan belangstellendes 083 461 7525 vir halfdag en 083 627 1480 vir voldag skakel

Strand – Stellenbosch: Het eie motor, wil inskakel by 'n ryklub. Maandag – Vrydag, 8:00 tot 12:45. Kontak Andrew Burger by 021 808 2507 of 082 740 1688

DIENSTE / SERVICES

Housesitting: Stellenbosch-gesin beskikbaar om "housesitting" te doen vanaf 1 Augustus 2008. Kontak Dawie 072 225 4002 / Welma 072 345 9825 (welmal@sun.ac.za) voor 20 Junie of na 10 Julie asseblief

FANTASTIC INVESTMENTS
sales & letting

BOSCHEN PARK

Bachelor Apartment – R3 500
2-BEDROOM & 2-BATHROOM APARTMENT – R6 000

LUXURY UNITS WITH BALCONY
250m from campus
Secure basement parking & lifts; Electronic access control & intercom
Pre-paid electricity; 24/7 Broadband internet (modern free)

CALL US NOW !!
MARK BARNARDO 082 550 8771 mark@fantasticinvestments.co.za
LYNETTE BARNARDO 082 570 9127 lynette@fantasticinvestments.co.za
OFFICE (021) 557 1792 info@fantasticinvestments.co.za
WEBSITE www.fantasticinvestments.co.za

Finishes
• Overhead kitchen cupboards • DEFY 500 Slimline hob & extractor
• Granite counter top • Tiles throughout • Woodgrain finish cupboards

WHEEL 'N STEEL
BELLVILLE
Vir voertuigdienste van gehalte

FML GEGRADERDE WERKSWINKEL

GROOTDIENS BMW, VW ea

- Vervang Vorkproppie, olie, brandstof, lug en oliefilters
- Kontroleer Kaste ingesluit by ons kwantiteit
- Doen Gratis • Ghies • Linn • skoonspuit • Was • Deitekant • Deurkops

SUSPENSIEWERK "Ball Joints, Steering Rack, Torsion arms" or "wheel bearings"

REMME • UITLAATSTELSEL • KOPPELAAR • WIELSPORING

10% PERSONEELAFSLAG met bewyslewing

SUPER 14 RUGBY OP TV

SPEZIALE PRYSE
SKOKBREKERS 3 Jaar waarborg
"CV STAFTS" 2 Jaar waarborg

Skakel 021 949 2667
Strandstraat 55, Bellville www.wheelnsteel.co.za

Kids party chairs & tables

Color plastic tables and chairs for children birthday parties for hire.

- For children ages 1 to 7 years old.
- Bookings to be made 2 weeks before party. For bookings and quotations call Deidre on 073 286 6273

Musiek maak oë en ore oop

Vir die passievolle mense van die Afrika-sentrum vir MIV/vigsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch is elke dag Wêreldvigsdag. Elke dag bied genoeg rede om die verspreiding van MIV en vigs met mening te bekamp, en elke suksesvolle tree te vier. Dit is waarom 2008 hul jaar is om die konserte van die Suid-Afrikaanse Kunstenaars vir Vigsbewustheid ("Artists for AIDS Awareness") bekend te stel aan almal wat 'n waardering vir goeie musiek en deernis vir hul medemens het. Die eerste van die reeks konserte vind op 1 Junie by die Kunstekaap-teater plaas. Die konserte vorm die aanloop tot die Afrika-sentrum se jaarlikse Wêreldvigsdag-galakonsert op 1 Desember.

Die Afrika-sentrum en Kunstekaap se gehoorontwikkelingsprogram het kragte saamgesnoer om uiters talentvolle kunstenaars op 1 Junie op die verhoog byeen te bring. Jimmie Earl Perry (foto), Direkteur van Opvoedkundige Teater en Skeppende Kunste by die sentrum se gemeenskapsmobiliseringsarm, die Afrika-instituut vir MIV/vigsbestuur, en 'n wêreldklas-musikant in eie reg, is die man wat die dinge laat gebeur, op 'n weg van die verhoog.

Perry het reeds onder die bekende Gallo-etiket 'n plaaslike CD (*Power of the Dream*) uitgereik en sal van dié treffers sing, asook 'n paar van sy jongste aanbiedings. Sy optredes oor die jare sluit internasionale produksies soos *Jesus Christ Superstar*, *Cats*, *Miss Saigon* en *Dreamgirls* in. Maar hy is veel meer as 'n talentvolle kunstenaar – sy hart klop warm vir sy medemens.

Die talentvolle sangeresse Rou-

chelle Liedemann, wat haar vierde CD later vanjaar uitreik, en Robyn Bergehege sal die verhoog met Perry deel. Die sanggroep Kunjalo, wat gereeld met Perry saamwerk en tans 'n CD saam met hom opneem, sal ook hul lewendige klank by die repertoire voeg. Hulle gebruik 'n kombinasie van kontemporêre en Afrika-musiekgenres om 'n unieke en sielvolle klank te skep.

Deur die konserte deur Kunstenaars vir Vigsbewustheid wil Perry groter bewustheid van MIV en vigs skep. "Ons wil 'n groter geraas maak deur musiek sodat die hele samelewing, individueel en as 'n eenheid, hul verantwoordelijkheid verstaan," sê hy. Perry, wat in die VSA gebore is, het in 2004 Suid-Afrika toe getrek en glo daar is nog heelwat werk om hier te doen. "In my vier jaar hier is ek nog daagliks verstom oor hoeveel mense nie eens 'n basiese kennis oor

MIV en vigs het nie. Dit verstom my dat dit steeds as 'n swart siekte beskou word, of 'n homoseksuele siekte, of gesien word as God se wraak teenoor 'sondaars'."

Volgens Perry is dit hoog tyd dat mense beseft MIV is 'n virus – een wat bestuur kan word, hoewel dit spesiale uitdagings bied. "Bewustheid en opvoeding is steeds nodig en as 'n konsert mense help verstaan dat dit bestaan, is dit wat ek moet doen," sê hy met beslistheid.

Net soos wat reddingswerkers, mediese dokters, navorsers en politici almal hul eie rol het om te speel in die stryd teen MIV en vigs, gee konserte hierdie musikante die geleentheid om mense aan te raak en deur musiek te mobiliseer. "Elke mens wat al ooit aan musiek, teater en ander kunsvorme blootgestel is, het die impak daarvan op hul lewe ervaar, op watter wyse

ook al," verduidelik Perry sy entoesiasme oor die invloed van vermaak.

Naas die wêreldklas-musiek sal die konsert ook kort persoonlike verklarings van ervarings van MIV en vigs insluit. Die klem sal egter op die musiek val. Die konsert vorm deel van 'n reeks van MIV-en-vigs-verwante musiekprogramme. Dit sluit nog 'n konsert deur Kunstenaars vir Vigsbewustheid in Augustus in, asook die vierde jaarlikse Wêreldvigsdag-konsert, 'n besliste hoogtepunt op die vermaaklikheidskalender.

Die konsert deur Kunstenaars vir Vigsbewustheid is meer as net 'n konsert. Dit is 'n geleentheid waar kunstenaars nie net hul ongelooflike talent met ander mense deel nie, maar waar hulle verantwoordelikheid neem vir hul rol in die samelewing en binne hul omgewing 'n verskil maak met hul spesifieke talente.



UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY
DEPARTEMENT MUSIEK | DEPARTMENT OF MUSIC
KONSERVATORIUM

SONDAG 1 JUNE
ENDLER HALL
16:30
SA Youth Choir

SONDAG 22 JUNE
ENDLER HALL
16:00
Stellenbosch Ringkore
Nellie Stuurman

WOENSDAG 25 JUNE
ENDLER HALL
13:00
US Academic Choir – Schola
Cantorum – Lunch Hour Concert &
Workshop

Alle besprekings by:
US Konservatorium
Neethlingstraat
Tel.: (021) 808 2345
Kantoorure: 08:00 – 16:30
Elektroniese besprekings:
music@sun.ac.za
Volledige konsertskedule:
www.sun.ac.za/music

Antoinette Kellermann word vereer

Antoinette Kellermann, dosent aan die Drama Departement, het die Erepenning vir Toneel- en Verhoogkuns van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Antoinette het by die Universiteit se Drama Departement studeer en het haar drama loopbaan by die streeksrade begin. Na die sluiting van die streeksrade het sy as vryskut-aktrise uitblink in vele groot produksies en televisie reekse. Sy is veral 'n gereelde mede-werker met Marthinus Basson en was onlangs te sien in *Die Storm* en *Lang Dagreis na die Nag* waarvoor sy die Kanna as beste aktrise op dié jaar se Klein Karoo Nasionale Kunstefees verower het. Sy



Hier is Antoinette met Schalk van der Merwe wie ook 'n Kanna gewen het vir beste prestasie in Kinder-teater met *Die Slapende Skoonheid*

het al meer as 20 toekennings ontvang vir haar toneelspel en radiowerk, waaronder sewe Fleurdu Cap-toekennings.

Lang Dagreis na die Nag is te siene by Aardklop Kunstefees in Potchefstroom in Oktober.

South African poet with a voice like silk

South African poet Gabeba Baderoon has a voice like silk. Not the unprocessed kind. No, hers is the kind of silk that has developed character through the refining process of its making and the further softening of human encounters. This was evident during a recent reading of Gabeba's poems by the writer herself to an audience of students and staff at the English Department.

Gabeba, who completed a doctorate in English at the University of Cape Town (UCT), has published widely on the topic of representations of Islam. She has lectured in



Gabeba Baderoon

universities across the world including Europe and the US as well as locally. Currently she has a Post-doctoral fellowship at the Africana Research Center at Pennsylvania State University and will begin teaching Women's Studies and African Studies at the same university this year.

According to Gabeba, she entered the writing world at a much later stage in her life than most writers.

"Because I started writing much later in my life than most writers, I brought a very different me to the process. I also loved being a beginner," she told her audience.

"There are people who feel that they need to be at the forefront of things all the time, that they have to know everything, but being a beginner is a place of wonderful freedom where you can make all the mistakes in the world and where you are not under pressure to be the best all the time and where you have the freedom to reinvent the kind of writing you produce."

In the last three years, Gabeba has released three collections of poetry – *The Dream in the Next Body* and *The Museum of Ordinary Life* in 2005 and *A hundred silences* in 2006. Her debut collection, *The Dream in the Next Body* was named a Notable Book of 2005 by the *Sunday Independent*,

while *A hundred silences* was short-listed for the 2007 University of Johannesburg Prize and the 2007 Olive Schreiner Prize.

Her work focuses on issues of witnessing, loss, love, war, on beginnings and as she states "the beginning of leaving". In essence it showcases ordinary human relations and the beauty and anguish of those encounters.

She has received a number of awards and scholarships such as the DaimlerChrysler Award for South African Poetry 2005 and a Guest Writer Fellowship at the Nordic Africa Institute in Sweden in the same year. This year she received a Fellowship from the Civitella Ranieri Foundation to spend six weeks in Italy to work on the manuscript for a new collection of poetry as well as a Writers Residency at the University of the Witwatersrand (Wits). The Writers Residency is funded by Trust Africa.

During the reading, Gabeba advised students to read in order to learn more about various writing styles and techniques, but also in a bid to become knowledgeable of what exists beyond their own world. "Read everything," she said. "I read all kinds of comics, some terrible detective novels, Nancy Drew, I read everything. That is how my love for words started."

Vyfte Internasionale Kamermusiekfees op Stellenbosch

Van 4 tot 13 Julie 2008 speel Stellenbosch weer gasheer vir die Internasionale Kamermusiekfees. Die vol en opwindende program van dié fees wat vanjaar vir die vyfde keer aangebied word en by die Konservatorium sal plaasvind, dien as vertoonvenster vir 'n fakulteit met van Suid-Afrika se voorste musici wat saam met tien internasionaal erkende kunstenaars van Europa en Amerika sal klas gee en optree. Die deelnemers bestaan uit studente tussen die ouderdom van 12 en 28 van oor die land heen, sowel as 'n aantal oorsese studente.

"Hierdie fees is enig in sy soort op die vasteland van Afrika, en dien nie net as 'n belangrike opvoedkundige en aanspingsgeleentheid op die kalender van ons land se jong musici nie, maar is ook 'n ware genot vir die bykans 10 000 mense wat oor die tien feesdae die lesings, openbare meestersklasse en ongeveer 25 konserte sal bywoon," sê Peter Martens, Kunstebestuurder by die Konservatorium.

Die Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees bied iets vir elkeen,

en die program spog met die ongelooflike talent van die Bochabelo-uitreikprojek en beroemde internasionale musici soos Daniel Rowland en Frank Stadler, violiste van onderskeidelik Holland en Oostenryk.

"Bo en behalwe die vele kamermusiekvertonings, bied ons ook met trots ons bekende gaskunstenaar, Casper de Vries, saam met die feeskonsertorkes op 12 Julie. Die fees-sinfonie-orke, onder leiding van die gevierde Duitse maestro Jonas Alber, sal by die finale konserte op 11 en 13 Julie optree," aldus mnr Martens.

Diegene wat wil deelneem, sowel as diegene wat as waarnemers wil inskakel, kan die webtuiste www.sun.ac.za/chambermusicfestival besoek om inskrywingsvorme af te laai en besonderhede oor deelname, konserttye sowel as inligting oor kunstenaars te bekom. Skakel gerus met die feesdirekteur, Peter Martens, by 021 808 2343 of martensp@sun.ac.za vir enige verdere inligting. Besprekings kan vanaf 20 Mei by Computicket gedoen word.

University shares expertise on disability research

(from page 5)

The PLAR supports research and development programme activities starting from the outset of the inception phase and the design of a fluid process of transition from the inception phase into the full five-year programme," says the organisation's vision statement.

Prof Swartz has been involved with SAFOD's research skills programme through participatory workshops, consultations with members from the organisation and through visits to Botswana, Zambia, Zimbabwe and Namibia. "We are hoping to offer a longer training programme that will lead to a research skills manual for disabled

people," says Prof Swartz.

"Historically, throughout the world, people with disabilities have always been the subject of researchers' studies. By taking part in these workshops, people with disabilities will now be able to conduct their own research. This is a wonderful opportunity for the University and we are quite honoured and privileged to have this opportunity. We hope that we can continue our relationship with SAFOD in future."

The recent visit by SAFOD, says Prof Swartz, was a bid by the organisation to strengthen and deepen the network it already shares with the University.

"They also made contact with the Centre for Students with Special Learning Needs run by Marcia Lyner-Cleophas and looked at how the University is making learning materials available for students with disabilities through the work being done by Connie Park and Pippa Louw in reworking text into Braille for blind students, with the Information Technology support of Jan Louw. They also visited Corné Rossouw at the Department of Sports Science to view opportunities the University provides for disabled athletes and to discuss appropriate interventions to help disabled people live more active and healthy lives."



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

boschtelegram

ALGEMEEN | GENERAL KUNST & KULTUUR | ARTS & CULTURE LESWêre | LETTERS WAAKPOST | WATCHDOG
WEB-BOSCHTELEGRAM VERSKYNGSAKKE | NEWS ISSUES Wêreld | VALUES ADVERTENSIE | ADVERTS

REDAKSIE | EDITORIAL

Só lyk die nuwe en verbeterde *Boschtelegram*! Dit sal slegs een keer per week (op Woensdae) verskyn met hope nuus van oral oor die kampus. Onthou ook – die items wat hierdie week verskyn is slegs die nuutstes op die lys, maar jy kan steeds van die ouer items onder die hofies (net onder die foto) vind. Lekker lees aan jou eerste uitgawe van die *Boschtelegram*!

Its here! This is what the new and improved *Boschtelegram* looks like! It will be sent out only once a week (on a Wednesday) – packed with news from around the campus. Don't forget – only the new items will be listed every week. If you want to read some of the older items, you can find them under the subheadings (just below the photo). Enjoy reading your first edition of the *Boschtelegram*!

Vriendelike groete
Lizl
Redakteur

ALGEMEEN | GENERAL

Rektor woon VN-simposium in New York by
Die Rektor, prof Russel Booiman, is tans in die VSA waar hy op uitnodiging van die Verenigde Nasies Universiteit (UNU) en Cornell Universiteit, die tweede simposium van die UNU-Cornell Africa Series, getiteld The Governance Dimension of the MDG's in Africa, in New York, bywoon.

US verwerp xenofobie in e-pos aan Afrika-studente
'US op weg na volwaardige 21ste eeuse universiteit'
Biblioteekmeningsopname suksesvol voltooi

HOOGTEPUNTE | HIGHLIGHTS

June 1 Concert for HIV/AIDS awareness
The Africa Centre for HIV/AIDS Management at Stellenbosch University and Artscape's audience development programme joined forces to mobilise extremely talented artists to bring their music to the theatre stage.

Help om US-embleme te beskerm
Een van die Universiteit Stellenbosch se waardevolste bates is sy reputasie – oftewel "korporatiewe identiteit" – wat oordeelkundig toegepas en bestuur moet word. Hoewel die korporatiewe identiteit van 'n maatskappy of organisasie uit talie fasette bestaan, is die oogmerk van hierdie berig om die belangrikheid van die korrekte gebruik van die universiteitsemlème onder personeel se aandag te bring.

Die nuwe 'bulletin' is hier!

Woensdae gaan nie meer dieselfde wees nie – dit is die dag wanneer die *Boschtelegram* in jou epos-inmandjie beland! *Boschtelegram*, wat gister vir die eerste keer sy verskyning gemaak het, is die nuwe verbeterde elektroniese nuusbrieff wat die plek van die Bulletin inneem.

Die nuwe naam, *Boschtelegram*, sê dit duidelik – in elke uitgawe, wat slegs een keer per week op 'n Woensdag uitgestuur word, sal jy alles kry om jou op hoogte te hou van wat aan die gebeur is by die Universiteit – van algemene personeelsake, nuus uit die Rektor se kantoor, strategiese inligting, kongresse en ander akademiese lesings, tot by die nuutste konsert by die Konservatorium. Die *Boschtelegram* is 'n amptelike kommunikasiekanaal van die US aan personeel en almal wat toegang tot e-pos het, sal weekliks 'n uitgawe ontvang. Jy kan ongelukkig nie versoek dat jou naam van die verspreidingslys afgehaal word nie – kontak ons gerus indien jy nie die nuwe *Boschtelegram* ontvang het nie.

Die nuwe naam is tydens 'n werkswinkel van die Afdeling Kommunikasie & Skakeling uitgedink en kan net so lekker in Afrikaans as in Engels uitgespreek word. En soos die naam impliseer – dit bevat nuus vanaf die Matie-kampus (oftewel die "Bosch") en word aan personeel op al die kampusse versprei.

Met die nuwe e-kommunikasie nuusbrieff is daar ook heelwat veranderinge soos ondermeer die formaat en frekwensie van berigte. Items sal net een keer verskyn, maar dié wat nog relevant is, kan in die volgende uitgawe onder verskillende hofies gevind word. Só byvoorbeeld as jy iets interessants onder "Algemeen" in

die *Boschtelegram* gevind het en dit die volgende week graag weer wil lees, gaan na die skakel "Algemeen" bo-aan die *Boschtelegram* (net onder die foto). Die relevante artikel wat jy die vorige keer gesien het, sal onder hierdie hofie lê. 'n Soekfunksie is ook beskikbaar wat jou in staat stel om items waarvan die vervaldatum verby is, in die "argief" op te spoor.

Indien die kleurskema en die pragtige herfsfoto bo-aan die *Boschtelegram* jou oog gevang het en jy dink dat jou deel van die kampus homself tot só 'n foto sal leen, hier is jou kans. Die kleurskema van die *Boschtelegram* is seisoonaal en so ook die foto's. Stuur vir ons foto's van jou omgewing na boschtelegram@sun.ac.za. Dalk 'n foto van die Ou Hoofgebou gehul in 'n miswolk of die Sportburo afgeëts teen die berge in die laatmiddagson... So gryp die kameras en stuur jou hoëgehalte foto's van jou hoekie van die Universiteit. Slegs foto's wat aan die vereistes voldoen sal in aanmerking kom vir gebruik.

'n Nuwe toevoeging tot die *Boschtelegram* is *Klip innie Bosch*, 'n rubriek waar interessante artikels of meelewings van die personeel gedeel word. As daar iewers in jou 'n skrywersiel skuil, moenie huiwer nie – stuur dit na bogenoemde e-pos adres – wie weet, dalk verskyn jou pennevrug in 'n uitgawe van die *Boschtelegram*!

Woensdae word soms "klein Saterdag" genoem, maar meer belangriker – dit is nou ook *Boschtelegram* dae! Lees dit en wees op hoogte van alles wat by die US gebeur. Die *Boschtelegram* is jou e-kommunikasie nuusbrieff – stuur gerus jou bydraes en help om die kommunikasiekanaal op kampus te verstewig.

– LIEZL SCHOLTZ

WIE, WAT EN WAAR?



MATIES-HELDERBERG-LEDE PRESTEER

Twee lede van die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede was deel van die Suid-Afrikaanse span wat onlangs aan die Paralympic World Cup in Manchester deelgeneem het. Slegs die top agt atlete in bepaalde items neem op uitnodiging aan hierdie kampioenskap deel. Die Matie-blits Fanie van der Merwe (foto) het deelgeneem aan die 100 m en 200 m in klas T37. Fanie het goud verower in die 100 m (12,09) en silwer in die 200 m (24,28). "Alhoewel hy nie sy beste tye gehardloop het nie, was dit uitstekende kompetisie," sê sy afrigter, dr Suzanne Ferreira van die Departement Sportwetenskap, wat hom vergesel het. Nog 'n lid van die Sportklub vir Persone met Gestremdhede, Natalie du Toit, het ook puik gevaar in die 100 m-vrystlag met goud in 'n tyd van 1,01,32.



PROF DE GAMA DELIVERS INAUGURAL LECTURE

Prof Mustaqeem de Gama of the Department of Mercantile Law recently delivered his inaugural lecture on *The Invisible Law*. With him to celebrate this proud moment are the Vice-Rector: Teaching, Prof Magda Fourie, left, and the Dean of the Faculty of Law, Prof Gerhard Lubbe.



LIBRARY SURVEY COMPLETED SUCCESSFULLY

The well-known library survey LibQUAL+(TM) was conducted at the Stellenbosch University Library and Information Service earlier this year. As incentive for clients to respond to the survey, a lucky draw with prizes ranging from meal vouchers to an iPod was presented. A total of 15 clients walked away as winners. The lucky winner of the iPod is Reinhardt Bierman, an undergraduate student in the Faculty of Arts and Social Sciences. The other winners are (at the back from the left) René Stockigt, Thomas Ferreira, Enid Nieuwoudt, Floris van der Merwe, Claire Jeffrey, Grant Smith, Francis Munalula and Christiaan Visser. In the middle are Delia Haynes and Stephanie Botha. In front is Reinhardt Bierman. The survey results will be made available in the next few weeks.

1st SOUTHERN AFRICAN CONFERENCE ON THE FIRST-YEAR EXPERIENCE

OPENING CONVERSATIONS ON FIRST-YEAR SUCCESS

8 - 10 September 2008

Stellenbosch University
Stellenbosch, Western Cape, South Africa

<http://www.sun.ac.za/FYconference2008>
fy@sun.ac.za

Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 26 Junie 2008

Redakteur: Lynne Rippenaar
Bladontwerp: Heloise Davis
Drukwerk: SunPrint

Advertensies: Conita Henry,
tel: 808 4632,
e-pos: chenry@sun.ac.za

Redaksionele bydraes aan:
Die Redakteur,
Admin B-gebou,
tel: 808 4851, faks: 808 3800,
e-pos: lynnr@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH